19 Augustus 2012

SKRIFLESING: **2 Konings 18: 13-19; 27-35; 2 Konings 19: 1- 2; 20-28**
TEKS: **2 Konings 19: 22**
TEMA: **Steek na God en jy sal seerkry!**
SANG: Ps. 135: 1, 2, 3; Ps 65: 1, 2 (NAB); Ps 96: 1, 2, 5, 8; Ps 8: 1, 2, 7

Het iemand al na jou toe gesteek met 'n skerp ding?

Met 'n mes, stok, swaard, skroewedraaier of iets soortgelyks?

Die aanvaller wat jou wou beroof,

of toe julle kinders was en speel-speel gevaarlike toertjies aangevang het.

As iemand dit met voorbedagte rade doen is dit baie gevaarlik.

Jy kan ernstig beseer word.

Ons kan ook ons woorde en die gesindheid daaragter soos skerp messe hanteer om ander baie seer te maak.

Ons kan selfs op hierdie manier vir die Here probeer seermaak.

Ons steek na God as ons Hom beledig.

Die amptenare van Sanherib het dit gedoen.

Hulle is gestuur deur die Assiriese koning om die stad Jerusalem, waar Hiskia koning is, in te neem.

Vroeër het koning Hiskia sy ryk losgemaak van die oorheersers.

Toe hulle die land inval, bied Hiskia aan om boete te betaal.

Hy word ook swaar boetes opgelê, nl. tien ton silwer en omtrent een ton goud.

Hy betaal dit ook.

Die Assiriese koning verbreek sy ooreenkoms met die tweestammeryk en wil nou nie net al die omringende dorpe nie, maar ook die hoofstad inneem en daardie inwoners wegvoer in ballingskap.

Die Assiriese offisiere staan buite die stadsmure en skreeu vir die afgevaardigdes van koning Hiskia om hulle te oortuig om hulle met stad en al oor te gee.

Tydens daardie geleentheid **tree** hulle nie net **smalend op** teenoor die volk nie, maar ook teenoor die Here.

Hier word twee woorde deurgaans gebruik wat hulle aanmatigende houding en woorde vir ons beskryf.

Dit is **uittart** en **belaster**.

Die Assiriese afvaardiging saam met hulle koning het die Here **uitgetart.**

Die **woord vertaal met "uittart"** het die idee in tale van die Ou Nabye Ooste uitgedruk van "vinnig wees", maar ook "skerpwees".

In Arabies is dit vertaal met "skerpkant"

Dit sluit aan by die gedagte dat mens se kwaadwillige woorde skerp is en kan seermaak.

Dink net hoe sal jy reageer as iemand jou gedurig met iets skerp steek en jou pynig.

Met ons uittarting maak ons die Here ook seer en sal dit van Sy kant af skerp reaksie ontlok.

Die Here se **mag word uitgedaag.**

Hulle reken dat die Here glad nie in staat sal wees om die volk uit die verwoestende hande van die Assiriërs te hou nie.

Hy het net nie die krag daarvoor nie.

Al die ander gode van al die ander stede kon nie hulle aanbidders beskerm nie.
Assirië het al daardie stede ingeneem.

Die Here sal dit ook nie regkry om Jerusalem te beskerm nie.
Die Assiriese koning is onkeerbaar en sal die stad inneem!

So daag hulle blatant vir die Here uit, dink hulle te min van Hom en word Hy gelyk gestel aan ander gode gemaak van klip en klei.
Hulle verwerp Hom as hoogste Koning van die aarde en ook as Koning oor Sy volk.

Hulle **uitdagende houding kom ook uit in hulle hoogmoed en arrogansie**.

- Hulle het nie geskroom om hulle **oë op te slaan** teen die Here van die heelal nie.
  Die uitdrukking: die oë opslaan, is 'n uitdrukking wat meermale in die Bybel gebruik word om sondige trotsheid en meerwaardigheid uit te druk.
  In Psalm 18: 28 lees ons: "U red die verdrukte volk, U verneder die trotses (letterlik: U verneder die oë wat hoog is)".

  Hulle dink hulle is beter en sterker as die Here.
  Kyk net wie is hulle en wat het hulle al verower.
  Die Here kan nie by hulle kers vashou nie, so meen hulle.

- Daarby het hulle ook hulle **stemme dik gemaak** teen die Here.
  Hulle het hard geskreeu na die inwoners van die stad, na die volk van die Here en so ook na die Here self.

  Hulle het met hulle eiewilligheid die Here uitgetart en gedink hulle kan blatant uitdagend teenoor die Here optree.
  Hulle is so besig om na hulle eie stemme te luister dat hulle Hom nie hoor nie en selfs dink dat Hy hulle gestuur het om die stad te kom verower.

Uittarting van die Here is niks nuuts nie.

Die Joodse volk het al tydens die woestynreis verskeie kere die Here uitgetart.
Hulle het Hom uitgedaag asof hy nie

die nodige mag en krag besit het om hulle in die woestyn te versorg nie.
Hulle het Hom uitgedaag of Hy goeie bedoelings met hulle het om hulle nou in die woestyn te laat omkom.
Hulle het Hom uitgedaag deur te kyk hoe ver hulle Hom kan dryf met hulle opstandigheid.
Hulle het Hom getart deur die gesag van Moses en Aaron in twyfel te trek.

Die Assiriërs het ook die **Here gelaster.**

Hulle het onbeskaamd die Here **ernstig beledig en so kwaad van Hom gepraat.**

Hulle beskuldig die Here daarvan dat Hy die volk in verknorsing mislei het.
Hiskia en die volk kan die Here nie meer vertrou nie, volgens hulle.

In Jesaja 37: 10, 'n parallelle gedeelte aan 2 Konings 19, lees ons die woorde van die Assiriese koning wat hy deur sy amptenare aan koning Hiskia oordra:
"Sê vir koning Hiskia van Juda: Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei met Sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie".

Die Here word as leuenaar uitgemaak wat kwade bedoelings met Sy volk het.

Dit hou in dat mens die Here nie op Sy woord en beloftes kan neem nie.
So spot hulle met die Here.

Hulle praat neerhalend van Hom,

maak Hom belaglik,
tree oneerbiedig teenoor Hom op
en maak asof Hy niks is nie.
Hy is volgens hulle nie net magteloos nie, maar ook onsuiwer van karakter.
So praat hulle kwaad van die Here.
Hulle besef nie mooi watter verskriklike ding hulle doen nie!

Hulle vergeet met Wie hulle te doen het.
In ons teks word ons duidelik daarop gewys Wie dit is wat hulle uitdaag en laster.

Hy is die Heilige van Israel!

Dit is 'n naam van God wat in geheel in die OT enkele kere gebruik word, maar baie kere deur die profeet Jesaja en ook wel deur die profeet Jeremia.
Dit is 'n naam wat God
se karakter,
Sy opperheerskappy oor alle opposisie
en dat Hy die enigste God is wat Israel, Sy kerk, aanbid,
uitdruk.

% Ons mag nie kwaadwilig na die Here steek nie, want dan **tas ons Hom in Sy wese aan en skend Sy karakter.**

Hy is 'n heilige God.

In Jesaja 6 sien die profeet met sy roeping 'n hemelvisioen met God op die troon.
Dan sing die hemelwesens om Sy troon:
"Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige".
Hy is heilig in suiwerste vorm.
In Hom is geen sonde en misleiding nie.
Hy is afgesonder van enige sonde en besoedeling daardeur.
Dit kan Hom nie aantas en deel van Sy wese word nie.
Hy kan nie verkeerd optree nie.

Hoe word die Here vandag in die wêreld belaster en uitgetart?

Die Here word in die wêreld deur ongelowiges belaster as hulle reken hulle kan van die Here sê en dink wat hulle wil.
& In 2006 het daar selfs 'n groep in Philadelphia, Amerika,
ontstaan wat hulle daarop toelê om God te belaster.
Hulle noem die aksie "The blaspheming Challenge".
Brian, die leier, stel hom ten doel om die stryd met God aan te sê.
Hy sê: Daar is geen goeie rede om in God te glo nie. Dit is so eenvoudig soos dit.
Saam met 'n medewerker probeer hulle om aanhangers so ver te kry om openlik die Here, vir Christus en die Heilige Gees te laster.
Hulle wil dat aanhangers videos van hulleself maak waar hulle die Here laster, Hom ontken as God en Hom afkraak en dan die videos na 'n sentrale punt te stuur.
Dit word blatante uittarting van die Allerheiligste God.

& Daar is ook liedjies met woorde wat beskikbaar gestel word op internet wat veral daarop uit is om God te belaster.
Die een liedjie se naam in 'n album is ook: Blaspheming God.
In die liedjie word gevra dat die sanger van die kruisiging van die Here bevry moet word.

Daarin word die Woord beskryf as dat dit geen genade kan bring nie en volg daar:

"Burning the Bible and vomiting in you, blaspheming god, I am God"

% Ons mag nie kwaadwillig na die Here steek nie, want dan tas ons ook **Sy opperheerskappy oor alle magte, wat Hom teenstaan, aan.**

Daar is **niks en niemand wat sterker as Hy is nie.**

Daar is niks en niemand wat daarop aanspraak kan maak nie.

Die duiwel het God se mag probeer toets met die sondeval en daarna.

Die Here het egter onbetwisbaar aan die kruis en met die opstanding van ons HJX bewys wie die opperheerskappy besit.

In Christus het die Here weer kom terugverower wat aan Hom behoort.

In Hom het die koninkryk van God weer naby aan ons gekom.

God is nog steeds koning deur alle tye heen en het kom terugvat wat Hom toekom.

Ons mag nie soos die leiers van Assirië, **maak asof God kragteloos is en dat ons nie eintlik met Hom hoef te reken nie**.

In wat ons sê en beplan en uitvoer moet ons rekening hou met die Heilige van Israel.

Hy is die Persoon met wie ons in die eerste plek rekening moet hou.

In 'n artikel wat op die webwerf van die Gereformeerde kerke die afgelope twee weke versprei is, is daar iemand wat kommentaar lewer op Steven Hawking se opvattinge.

Hy is die wêreldbekende wetenskaplike en fisikus.

Hy reken dat sy wetenskaplike idees oor die ontstaan en toekoms van die heelal waar is.

Volgens die opsteller werk Hawking tydens die tweede deel van sy loopbaan nie meer daaraan dat die wêreld deur 'n "big bang' ontstaan het nie, "maar dat die heelal van ewigheid af fases van uitsetting en inkrimping ondergaan.

Hiervolgens kan Hawking aandui dat die heelal nie 'n begin of einde sou hê nie, nie afhanklik is van die ingryping van God nie, en daarom nie 'n God nodig het nie".

Sulke sg wetenskaplike waarhede is besig om die Here gruwelik te beledig en uit te tart.

Die wêreld probeer ook om God kragteloos te maak teenoor ander gode deur godsdiensgelykheid te propageer.

% Ons mag nie kwaadwilig na die Here steek nie, want dan misken ons Hom as die **enigste God wat deur Sy kerk aanbid word.**

Daar is 'n **besondere noue band tussen** die Here en Sy kerk.

Vanaf Abraham en die sluit van die genadeverbond verbind die Here Hom so nou aan Sy kerk op aarde dat dit met 'n huweliksluiting vergelyk kan word.

Hy is die Man en die kerk is Sy bruid, Sy vrou.

Van die kerk as vrou verwag die Here dat hulle Hom as die enigste God sal aanbid.

As ons God belaster en uittart, trek ons ook 'n streep deur hierdie waarheid en misken ons die besondere intieme verhouding en verantwoordelikheid wat die wedersydse partye teenoor mekaar het.

Met sulke steke na God wil ons uitmekaar sny wat bymekaar hoort.

Wie so na die Heilige van Israel steek, **sal self net beseer word.**

Dit het met Sanherib gebeur en met Sy magte.
Die Here het deur ‘n engel 185, 000, 00 soldate in een nag laat omkom sodat die leër van die Assiriërs teruggetrek het
en koning Sanherib is later deur twee van sy seuns in die tempel van sy afgod in Nineve vermoor.

Kan gelowiges ook sulke kwaadwillige steke na die Here toe uitvoer?

Ons kan ook op verskeie maniere dit doen.

@ Ons steek dan ook na Hom as ons Hom **uittart.**

Ons kan Hom uitart met ons onvergenoegdheid met Sy versorging
Ons kan Hom uittart as ons teen Hom in opstand kom en
as ons aanhou sonde doen en ons kyk hoe ver ons die grense van Sy liefdeswet kan oortree sonder dat ons dink ons sal seerkry.
Ons kan Hom uittart met ons hoogmoed en verkeerde trots.

@ Ons steek ook na Hom as ons Hom beledig en **belaster.**

In Romeine 2 raas Paulus met die slegte Jode wat ‘n skriftelike openbaring van God ontvang het en ook sekere verkeerde lewenswyses aanval, maar wat self skuldig is aan die sondes wat hulle veroordeel. Dan skryf hy:

> “Ja, jy wat jou op God se wet beroem – jy beroof God van Sy eer deurdat jyself Sy wet oortree! Geen wonder nie dat die Skrif sê: Julle veroorsaak dat God se Naam onder die heidennasies sleggemaak word” (vers 24).

As mense in die wêreld sien dat ons immoreel leef wat as Christene bekendstaan, praat hulle dan gewoonlik ook beledigend van die Here.
So is ons dan die oorsaak dat God gelaster word.

In 1 Timoteus 6: 1 lees ons:

> “Christene wat slawe is, moet aan hulle eienaars volle respek betoon sodat die Naam van God en Sy leringe nie beskaam word nie (letterlik: nie gelaster word nie)”

Ons kan ook in die werksplek, in ons beroep, veroorsaak dat God gelaster word as ons nie die nodige respek en goeie verhoudinge met ons base handhaaf nie.

Ons kan natuurlik ook God laster as ons Sy Naam misbruik in gesprekke, grappe, opvoerings, ens. waarteen die derde gebod ons baie duidelik waarsku.

Ons hoor ook by Christene dat die Naam van die Here misbruik word as krag- of stopwoord, as skelwoord en om ander te beindruk.

Dit, my geliefde medebroeders en susters, mag nie so wees nie.
Dit is ‘n sonde wat die Here baie kwaad maak as ons dit doen.
Dit sal ons net skade meebring.
Hy sal dit nie ongestraf laat nie!

Kom ons eer die Here met ons woorde en optrede en **tree altyd eerbiedig** teenoor Hom op.

% **Kom ons eer Hom**

Kom ons gebruik Sy Naam reg.
Kom ons dink as ons praat en hoe ons as voorbeeld vir ander optree.
Kom ons leef uit wat ons in ons geloof bely.
Kom ons prys Hom uit ‘n blye en dankbare hart.
Laat ons bewondering vir Hom uitkom in veral ook ons woorde.

% Kom ons **eerbiedig Sy gesag.**

Nie opstandig en uittartend nie, maar nederig terwyl ons Sy goeie regering oor ons waardeer.

Ons het te doen met die Heilige van Israel.
Hy wat 100% heilig is
Hy wat oppermagtig is, Hy wat alleen aanbiddelik is.
Ons wil mos nie seerkry nie – daarom steek ons nie kwaadwillig na God toe nie!